12 November

Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20 (NAV)
Fokusgedeelte: Jakobus 5:16(b)

# Gebede met 'n kragtige uitwerking

In hierdie gedeelte praat Jakobus verskeie kere oor gebed. In vers 15 praat hy van die gebed van die een wat swaarkry. In vers 14 praat hy van die gebed van die ouderlinge. In vers 16a praat hy van die onderlinge voorbidding. In verse 17 en 18 praat hy van die gebede van Elia.

Waarom praat Jakobus in hierdie gedeelte so baie oor gebed? Hy antwoord die vraag in ons teksvers wanneer hy sê: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Hy weet die gebed van die gelowige is baie effektief en doeltreffend.

Ons moet egter oplet, hier word nie gepraat van die gebed van 'n skynheilige of 'n sondaar nie. Nee, baie duidelik word hier gepraat van die gebed van 'n gelowige. 'n Gelowige is iemand wie se verhouding met God reg is. Dit is iemand wat glo in Jesus Christus en weet dat sy sonde om Christus wil vergewe is. So 'n gelowige se gebed het 'n kragtige uitwerking.

Verder moet ons ook oplet, die krag van die gebed van die gelowige kom nie van die gelowige self af nie. Nee, die krag kom van die Heilige Gees. Dit is die Heilige Gees wat krag gee aan die gelowige se gebed. Daarom het die gebed van die gelowige kragtige uitwerking.

Jakobus verduidelik dit vir ons met 'n treffende voorbeeld van dit wat in die lewe van die profeet Elia gebeur het. Toe Elia gebid het in die tyd van koning Agab, was daar vir drie jaar en ses maande droogte. Toe hy weer gebid het, het dit gereën en die aarde het sy oes gelewer.

Miskien sal jy sê, ons kan tog nie so bid soos Elia gebid het nie. Hy was tog 'n groot profeet in die Ou Testament. Hy het selfs wonderwerke gedoen. Maar ons moet oplet, baie duidelik sê Jakobus: "Elia was 'n mens net soos ons." Hy het ook, soos ons, soms baie moedeloos en bang geword. Daarom het ons geen verskoning nie. Ons elkeen kan bid soos Elia gebid het. Daarom moet ons, wanneer ons bid, ernstig bid en met geloof bid. Dan sal ons gebede ook 'n kragtige uitwerking hê en sal die Here ons gebede verhoor volgens sy wil.

Sing: Psalm 30:1 (1936)

Ds Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)